

3 Januarie

Skrifgedeelte: Romeine 3:1-20

Fokusgedeelte: Romeine 3:20

HK, Vraag 3

Getroos om jou sonde raak te sien

Met die lees van vers 10-20 wil ek waag om te beweer dat God sy mond oor ons behoorlik uitgespoel het. Die sonde word as feite gegee. Aan die einde van die gedeelte word kort en kragtig gesê dat die wet ons leer wat sonde is. Uit die wet móét ons leer. Uit die wet kán ons leer. Ons kan, want ons het die troos dat ons Jesus Christus het! Omdat ons getroos kan lewe en sterwe, hoef ons nie weg te kruip soos Adam en Eva nie.

Ons kan op verskillende maniere probeer wegkruip en ons eie vyeblare vir die sonde maak. Een manier is die evolusie as ek praat van my gebrek aan volmaaktheid. 'n Ander een is die humanisme as ek alleen maar my menslike beperkings raaksien. Sielkundig kan ek dit bedek met iets soos 'n skuldkompleks. My sosiologiese vyeblaar is die invloed van my omgewing.

Iemand wat in lewe en sterwe troos het, het nie vyeblare nodig nie. Dan mag God maar sy mond oor my uitspoel. Hy gee sy wet aan my en dit is geen vyeblaar nie. Dit is die bron waaruit ek my sonde leer ken. Al ons kamoeflering (en vyeblare) word deur die wet afgeruk. Die wet bring my tot dié besef: só sleg is ek, só erg is my sonde, só diep is my ellende, maar alleen omdat ek reeds dié Troos het.

Sing: Psalm 130:1, 2 (1936-beryming)

Ds. CA Jansen (Welkom-Noord)

Psalm 130:1, 2 (2001-omdigting – Lina Spies)